
Wegsteek én wys

DIE KUNSTENAAR LEANNE OLIVIER GEBRUIK ASSTOF OM HAAR MODELLE SE LYF MEE TE BEDEK EN SODOENDE NUWE BETEKENIS TE SKEP ...



GEDIERTES I, 2016. OLIE OP HOUT (40 X 30 CM),
DEEL VAN *GEDAANTEVERWISSELING* IN DIE
RUST-EN-VREDE-GALERY IN 2016.



Die gedaantes wat Leanne Olivier in olieverf en ander media op doek vasvang, kan, sodra jy jou rug draai, 'n ander vorm begin aanneem. Só voel dit, in elk geval. Of hulle verroer dalk ongemerk 'n spier – en maak 'n mens bewus van die oomblikke vóór en nadat die beeld in verf verewig is.

Dit is nie om dowe neute dat haar eerste solo-uitstalling, in 2016 in die Rust-en-Vrede-galery, *Gedaanteverwisseling*, geheet het nie. Leanne bevrage teken geïkde idees van vastigheid en dogmatiese waarhede. Sy stel dit as 't ware op losse skroewe om nuwe begripsmoontlikhede te skep.

Verlede jaar het sy met twee portrette, *Theia* en *Ash and Salt*, die beoordelaars van die Sanlam-portretkompetisie beïndruk en 'n tweede solo-uitstalling, *Extrinsic/Intrinsic*, in die Jan Royce-galery in Kaapstad aangebied. In dié uitstalling het sy maskers vindingryk gebruik om “die spel van bedekking en ontbloting” te verken.

Op vanjaar se Woordfees in Stellenbosch het sy dié konsep verder in haar solo-uitstalling *m(AS)kers* geneem. *Taalgenoot* het met haar oor dié uitstalling, haar werk in die algemeen en die skeppende proses gesels.

Wat kan 'n mens van *m(AS)kers* verwag?

Maskers, met die idee van verberging, openbaring en rolspel, is 'n konsep wat my onophoudelik fassineer en wat ek verder wil verken. *Intrinsic/Extrinsic* se fokus was op portrette van modelle met kopstukke van beendere en ander organiese materiaal, sowel as kleislip ('n mengsel van klei en water). Vir Woordfees 2018 het ek klem op as organiese materiaal gelê. Ek is geïnteresseerd in die rituele aspek wat geassosieer word met as: die dood, afsluiting, suiwering en vernuwing. Ek het in verskeie vorms met as gespeel en dit aan my modelle aangewend – as poeier, menging met water, houtskool in poeierform en menging met olie. Boonop het ek die as in die skilderproses geïnkorporeer.

Jy verkies om in olie te werk. Watter dimensie, ten opsigte van materialiteit, bring die klei/as na 'n portret?

Die basis van olieverf verleen hom tot vloeibaarheid, verlengde tyd van droog word en spel. Dit voel of die kleislip- en asmengsels die olie kompleet – visueel, sowel as in konteks van die tema of storie: die vloei van die liggaam; dié van *slipping in and out of roles*. Vir die Woordfees-uitstalling het ek aspoeier in die olieverf gemeng om dit deel van die hele proses, van model en foto tot skilderdoek, te maak.

Bring jy die asmengsel op die modelle aan of smeer hulle dit self aan? Ek vra, want jy laat modelle byvoorbeeld toe om te dans.




LEANNE OLIVIER BY *SEHNSUCHT*, 2018. OLIE EN AS OP DOEK (130 X 100 CM).

As bied verskeie gevoelswaardes. Ek is aangetrokke tot die onvoorspelbaarheid van die medium – die estetiese “mooi” kom vanself namate die asmengsel verander, as dit droog of krakerig raak, afval of net plek-plek vat op die vel. Ek en die model is betrokke by die aanwending van die as of asmengsel. Dit is 'n organiese proses en ek verkies dit só, want ek dink as die kunstenaar te styf aan haar idees oor die eindproduk vashou, is dit maklik om moontlike beter, of magiese, oomblikke mis te kyk. Elke mens se liggaamsbewegings is uniek en dit is elke keer vir my, sowel as vir die model, 'n ontdekkingsproses.

Watter uitdagings bied portretkuns deesdae? Daar is verskeie internasionale kunspriese spesifiek vir portretkuns. Verg dit 'n “nuwe” benadering en is dit enigszins moontlik?

Die getal internasionale kunskompetisies vir portretkuns is 'n goeie aanduiding dat dié kunsvorm ná eeue steeds relevant en gesog is onder kunsliefhebbers. 'n “Nuwe” benadering? Ja en nee. Tegnologie verbeter en dit kan 'n proses beïnvloed, maar is daar selfs in postmoderne kuns enigiets nuuts onder die son? Vir my is dit juis om terug te kyk na die kunsmeesters van vorige eeue met die wete dat ek nog so baie het om te leer. Om eers al die reëls te leer soos 'n *pro* sodat ek dit dan kan verbreek, soos Picasso voorgestel het. Elke kunstenaar druk haar stempel of haar manier van doen in haar spesialiteitsveld af. Dit is moontlik nuut of anders. Ek dink die finale opinie, of interpretasie, berus by die persoon wat die werk besigtig.

Van die werk in *Gedaanteverwisseling*, wat 'n spel is

An oil painting of a woman from the chest up. She has long, dark hair pulled back and is looking slightly upwards and to the right with a neutral expression. She is wearing a dark, high-collared garment that appears to be made of a shiny, possibly metallic or lacquered material, with highlights reflecting light. The background is a dark, muted grey. The lighting is soft, highlighting the contours of her face and the texture of her skin.

"EK IS
GEÏNTERESSEERD
IN DIE RITUELE
ASPEK WAT
GEASSOSIEER
WORD MET AS:
DIE DOOD,
AFSLUITING,
SUIWERING EN
VERNUWING."

THEIA, 2017.
OLIE OP DOEK
(130 X 100 CM).

